# BYBELSTUDIE OPENBARING LES 14 [4:1-5].

Vanuit die aardse situasie van die sewe gemeentes, moet die lesers van die sewe briewe ook kennis neem wat in die hemel gebeur. Met klem oor wat in die toekoms gaan gebeur, vertel Johannes in 4:1-8:1 van 'n boekrol en hoe die sewe seëls daarvan gebreek word.

Openbaring 4:1-5:14:

> Dit is Johannes se tweede visioen. In hoofstuk 4 word God as die God van die skepping uitgebeeld en in hoofstuk 5 as die God van die verlossing. Openbaring vorm so die hart van die hele boek. God se besig wees met die mensegeskiedenis en die heelal word van hier af beskryf.

Openbaring 6:1-17, 8:1:

> Die Lam open die seëls en maak die wil van God vir die wêreld bekend. Die eerste vier seëls toon die vier perde met hulle ruiters. Die vyfde seël laat ons diegene onder die altaar sien. Dit is hulle wat ter wille van hulle geloof en getuienis doodgemaak is. Hulle bid om die voltrekking van die oordeel. En in die sesde seël vind dit waarvoor hulle gebid het, plaas: die oordeel in die vorm van 'n groot aardbewing. Die sewende seël [8:1] vertel van 'n halfuur lange stilte in die hemel.

Openbaring 7:1-17:

> Net vóór die oopmaak van die sewende seël sien Johannes 'n tussentoneel om die dramatiese spanningslyn te verlig. Dit handel oor die 144 000 gelowiges se verseëling as teken van God se beskerming en ook oor die groot menigte met wit klere wat voor die troon vergader het en van hulle verlossing verneem.

# BYBELSTUDIE OPENBARING LES 14 [8:1-5].

1. LEES: Vers 1; Esegiël 1:1; Matteus 27:51.
   Johannes sien 'n deur wat oopgemaak is in die hemel. Hoe moet ons dit verstaan?

2. LEES: Vers 1.
   Die stem wat vir Johannes roep om na die hemelse troonkamer te gaan, is dieselfde as die vorige stem, dié van Jesus Christus [1:10]. Hy wil nou vir Johannes wys “wat **hierna** moet gebeur”. Waarheen verwys die “hierna”?

3. LEES: Vers 2; 1 Konings 22:19; Psalm 47:8; Jesaja 6:1; Esegiël 1:26-28; 43:7.
   Johannes sien 'n troon staan in die hemel en op die troon sit daar Iemand.
   Sit God werklik op 'n troon? Wat is die betekenis van die troon?

4. LEES: Vers 2; Eksodus 28:17; Esegiël 1:28; Openbaring 21:11.
   Johannes sien Iemand op die troon. Dit is al beskrywing wat hy van God self gee. Dit stem ooreen met die Ou Testament se geweldige eerbied en ontsag vir God sodat Hy self nooit beskryf is nie [Eks.24:9-10; 1Kon.19:11-13; Jes.6:1-3]. Wanneer Johannes God probeer beskryf, is dit nie kragtens menslike beeldspraak nie maar met 'n wonderlike spel van kleure. Noem die beelde wat Johannes gebruik en verduidelik indien moontlik die betekenis van elkeen se kleur.

5. LEES: Vers 4; Openbaring 5:14; 11:16; 19:4; 21:12-14.
   Wie is die 24 ouderlinge wat net soos God op trone sit en wat doen hulle? Wat beteken hulle wit klere en goue krone?

6. LEES: Vers 5; Eksodus 19:16-19; Openbaring 11:19; 16:18.
   Ons lees dat daar van God se troon af weerligstrale, dreunings en donderslae gekom het. Waarna verwys hierdie natuurverskynsels in die Ou Testament en in Openbaring?

7. LEES: Vers 5; Esegiël 1:13; Openbaring 1:4.
   Voor die troon van God brand sewe fakkels, simbolies van die sewe Geeste van God. Hierdie beeld gryp terug na Esegiël 1. Wat wil die beeld van die sewe fakkels aan ons verduidelik?

ANTWOORDE.

1. Hierdie woorde moet simbolies verstaan word. God het die hemel geopen soos ook vir Esegiël [1:1]. Maar opvallend is die werkwoordsvorm wat vir oopmaak gebruik word. Dit dui daarop dat die "deur" permanent oop is. So word ons herinner aan die voorhangsel van die tempel wat geskeur het by die kruisiging van Christus [Matteus 27:51]. Dit is 'n simbool daarvan dat ons almal permanente en direkte toegang tot God het.
2. Die "hierna" verwys natuurlik nadat Johannes in hoofstuk 1-3 geskryf het. Op grond hiervan kan Openbaring soos volg ingedeel word:
   - Die sewe briewe wat handel oor die tydperk waarin Johannes skryf oor die situasie van die sewe gemeentes.
   - Openbaring 4-22 wat handel oor die tyd nádat hy hierdie briewe geskryf het.

   Hier is dit belangrik om twee opmerkings te maak:
   In die eerste plek beteken dit nie noodwendig dat hoofstuk 4-22 ook in ons tyd nog alles in die toekoms lê nie. Dit is die standpunt van die dispensionaliste wat oortuig is dat die wegraping moet plaasvind voor hoofstuk 4 begin.
   In die tweede plek beteken "hierna" nie vir Johannes dat alle visioene nog in die toekoms lê nie. Daar is visioene wat sonder twyfel oor die verlede handel – soos hoofstuk 12. Verder moet ons onthou dat van die visioene reeds in Johannes se tyd in vervulling gegaan het [dink hier maar aan die dier uit die see met die nommer 666 wat na die Romeinse keiser Nero verwys].
3. Nee!
   In die Bybel het 'n kroon koninklike heerskappy voorgestel, soos byvoorbeeld die troon van Dawid [2Sam.7]. in God se geval beeld die troon die magtige heerskappy en oordeel van God uit as Koning. Hy besit alleenheerskappy [1Kon.22:19]. Sy troon is vir altyd

[Eseg.43:7]. So is die troon van God net die simboliese plek van waar hy regeer en reg spreek [Jes.6:1; Ps.47:8].

4. Johannes sien opaal, karneool en 'n reënboog van smarag.
   In die ou tyd het die stene simboliese betekenis gehad. Opaal is helder soos 'n diamant en was simbolies van God se heiligheid en suiwerheid. Karneool is 'n helderrooi steen en is simbool van God se oordeel. Smarag is 'n heldergroen steen en is simbool van God se genade en goedheid.
5. Die 24 ouderlinge verwys simbolies na die kerk in sy geheel [twaalf aartsvaders en twaalf apostels – Ou en Nuwe Testament]. Soos dienende engele tree hulle op om God te aanbid. Hulle wit klere dui op die heiligheid van mense wie se verhouding met God reg is en die goue trone op hulle koppe – is simbool van koningskap. Dit wys daarop dat hulle [die kerk] saam met God regeer.
6. Volgens die Ou Testament verskyn God dikwels in dramatiese natuurgebeure. Dit illustreer die krag, oordeel, verlossing en heerlikheid van God. In Openbaring maak die weerlig en donderdreuning God se heerlikheid bekend. God se grootheid en mag dwing respek af. Ons behoort aan 'n almagtige God.
7. Soos genoem wys die beeld van die sewe fakkels terug na Esegiël 1 waar ons van die vlamme lees wat tussen die wesens beweeg [Eseg.1:13]. In Openbaring 1:4 het ons reeds van die sewe Geeste voor God se troon verneem wat tekenend is van die volkome alomteenwoordigheid van die Heilige Gees. God is deur hierdie teenwoordigheid van die Heilige Gees in sy kerk aanwesig.

**********